# PROF. J. C. VAN ROOY: VOLKSMAN EN KULTUURLEIER.

Prof. J. C. van Rooy, voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. vanaf 1 Oktober 1941 tot 1 Oktober 1951, het as volksman en kultuurleier die Calvinisties-christelike grondslag en inhoud van die Afrikaanse kultuurstrewe steeds duidelik vertolk, omlyn, doelgerigte leiding daaraan gegee en daarvoor geesdrif verwek. Daarby het hy hom veral beywer vir die eenheid van sy volk as voorwaarde vir die volbrenging van sy Godgestelde roeping.

Uit sy F.A.K.-voorsittersredes en uit sy ander redes het geblyk dat hy as uitgangspunt steeds beklemtoon het dat die Afrikanervolk deur God in die suidhoek van Afrika met 'n besondere roeping in aansyn geroep is, 'n roeping bo alles om die Christelike godsdiens in die groot kontinent van Afrika in te dra. Dit was immers kragtens hierdie geloofsoortuiging dat die Afrikaner hom as blanke volk te midde van 'n swart barbaredom kon uitbou en handhaaf.

Hierdie roeping van die Afrikaner het hy gesien as 'n roeping teenoor homself sowel as 'n roeping teenoor ander rasse en volke. Die roeping teenoor homself is om steeds getrou te wees aan homself, d.w.s. om veral die godsdiens en sedes wat in sy volkslewe tot openbaring gekom het, suiwer te handhaaf. Die Calvinistiese godsdiens en moraal is in wese en aard 'n Openbaringsgodsdiens en mag nooit vervang word deur 'n godsdiens ter wille van blote godsdienstige ervaring nie. God as Skepper van hemel en aarde en as hoogste Wetgewer kan en mag nie prysgegee word nie. ,Soli Deo Gloria' (Aan God alleen die eer) was sy grondbeginsel.

Ook die staat moet die Afrikaner steeds as 'n instelling van God beskou, 'n instelling waaroor God self die hoogste gesag uitoefen. Hierdie gesag dra Hy oor aan die staatsowerheid, wie se plig dit is om toe te sien dat in die staatkundige inrigtings reg en geregtigheid in alle opsigte gehandhaaf word onder alle burgers en groepe van burgers. Daarom mag die Afrikaner nie genoeë neem met 'n diktatoriale absolutisme aan die een kant of losbandige liberalisme aan die ander kant nie.

Op alle terreine w.o. die van die wetenskap, kuns en kultuur moet ook die beginsel van soewereiniteit in eie kring gehandhaaf word sodat die objektiewe en van God gegewe wette wat hierdie kringe beheer, nie verkrag mag word nie. Die wetenskap, kuns en kultuur moet volgens hierdie wette, elk ooreenkomstig Sy eieaard, beoefen en uitgebou word en dit alles moet geskied in diens en tot eer en verheerliking van God en tot heil van ons volk en vaderland.

Waar ons glo dat die Here die Afrikanervolk in Suid-Afrika geplaas het met 'n bepaalde doel en bestemming, moet ons ook glo dat hierdie doel en bestemming nie beperk is tot die grense van die Unie nie, veral nie in die teenwoordige tyd waarin die internasionale verhoudings in mekaar skakel soos die draad van 'n fyn ingewikkelde weefsel nie. Die Afrikaner se roeping teenoor die buitewêreld is om die bewyse te lewer vir die goeie reg van sy nasionale volksbestaan, vir sy bestaansreg as 'n Christenvolk; sy roeping is om as leidende staatkundige en kulturele volksgroep op die kontinent van Afrika die inisiatief en leiding te neem om goeie buurverhoudings op

hierdie kontinent tot stand te bring; sy roeping is om medewerking vir die afwering van gemeenskaplike vyande te bewerkstellig, ook deur die aangaan van verdedigingsooreenkomste; en sy roeping is om verder in hierdie kontinent met sy ingewikkelde rassevraagstukke die bewys te lewer dat die Boerebeleid van apartheid, soos dit op die Heilige Skrif en ervaring gebaseer is, die regverdigste en kerngesondste beleid is.

Teenoor die oorweldigende en ondermynende magte van die Britse imperialisme, die liberalisme en materialisme, teenoor die groot getalleoorwig van die nie-blanke bevolkings van Suid-Afrika en Afrika; teenoor die antipatieke gesindheid van die wêreld soos georganiseer in die V.V.O. en teenoor die ontrouheid en lafheid in eie geledere moet die Afrikaner, soos sy voorouers, met moed en beslistheid of alle terreine van die lewe sy eie roeping aanvaar en deurvoer.

Omdat die Afrikaner oortuig is dat sy taak in Afrika 'n roeping deur God die Here self aan hom opgelê is, mag hy nooit terugdeins vir al die genoemde moeilikhede en teenstand nie. Ons as Afrikaners moet slegs in volle geloofsvertroue aanvaar dat dit God is wat gebied en dat dit ons is wat moet gehoorsaam. En as dit onder die bestier van God gebeur dat die Afrikanervolk in die volvoering van sy roeping en plig deur brute geweld, deur atoom- en waterstofbom vernietig moet word, laat hy dan lewe en sterwe in die heerlike sekerheid dat God gebied het en hy gehoorsaam het.

Dit is die gees wat uit sy redes spreek en waarmee by as buitegewoon begaafde spreker en kragdadige leier ons volk en sy organisasies besiel het.

Prof. van Rooy het steeds uitgegaan van die standpunt dat die Afrikaner vir die volbrenging van sy roeping 'n hegte eenheid moet vorm. Hierdie eenheid is nie 'n alledaagse gegewenheid nie, maar moet steeds verwerf en bewerkstellig word en wel op grondslag van die Afrikaanse Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Hy het geen soetsappige eenheid bepleit ter wille van eenheid nie, maar 'n daadkragtige, besielde, doelgerigte en roepingsbewuste eenheid. Die eenheid wat hy nagestreef het in die verskillende tydperke van volksverdeeldheid wat hy persoonlik intens met smart beleef het, was geen kompromie-eenheid wat gebaseer was op praktiese nuttigheidsoorwegings nie. Hy het eenheid in die diepte van ons eie volksbestaan en nie in die breedte van tydelik-saamgeskakelde optrede ter wille van blote voortbestaan gesoek nie.

Hy het die verdeeldheid van die Afrikaner, soos hy dit beleef het in die jare van samesmelting en tydens die jongste wêreldoorlog, beskou as die gevolg van 'n toestand van slawerny, soos in die geval van die Israeliete van ouds in Egipte. So lank die juk van slawerny op die Afrikaner rus,

so lank sal die vloek van verdeeldheid ook sy lot wees. Hy het dikwels verwys na McCall Theal se bewering dat verdeeldheid die vloek van die Voortrekkers was en homself die vraag gestel of verdeeldheid nie die vloek van die Afrikanervolk gebly het nie. Hy was egter oortuig daarvan dat die vloek van verdeeldheid dan eers sal verdwyn as die Afrikaner hom losgeworstel het uit sy toestand van Egiptiese slawerny. Hierdie slawernytoestand is teweeggebring deur die onderwerping van ons volk aan die Britse gesag, as gevolg waarvan die verdeeldheid in ons volksgeledere ontstaan het. Hierdie verdeeldheid het hom nooit pessimisties gestem nie want sodra die Afrikanerdom sy knegskap beëindig het, sal ook sy verdeeldheid verdwyn.

In die genoemde tydperke van volksverdeeldheid was hy steeds vol moed omdat, soos hy dit steeds uitgedruk het, hy sy geloof in die God van Israel wat ook die God van die Afrikanervolk is, nie verloor het nie; omdat hy ook sy geloof in die Afrikanervolk self behou het in die wete dat sy volk nog genoeg lewensmoed en lewensdurf besit om onder leiding en steun van die God van sy voorvaders homself op te hef uit sy toestand van Egiptiese slawerny. Omdat sy geloof so sterk was, kon hy ook met geloofsvertroue besiel. .

Vir hom was die Eeufeesjaar 1938 by uitstek 'n heuglike jaar. In hierdie jaar het die Afrikaanse volk in hul duisendtalle hulde gebring aan die heldegeslag van die verlede. In hierdie jaar is ook die inherente eenheid van die Afrikanervolk geopenbaar soos nooit voorheen nie.

Die eenheid wat in die eeufeesjaar tot openbaring gekom het, het ten nouste saamgehang met die geloof van die Afrikaner dat hy besig was om op die weg na volledige vrywording voort te beweeg; dat sy volledige vryheid 'n bereikbare ideaal is en dat sy verdeeldheid slegs van tydelike aard is.

Die groot volksbyeenkoms op Monumentkoppie op 9 September 1939, waar prof. Van Rooy as hoofspreker opgetree het, was miskien vir hom die grootste en belangrikste openbaring van die inherente vryheids- en daarmee eenheidswil van die Afrikaner.

Aangesien hierdie toespraak die lig sterk laat val op sy beskouings oor die eenheid van ons volk, haal ons dit, soos dit destyds in die Afrikaanse koerante verskyn het, volledig aan.

„Hierdie groot volksgebeurtenis laat 'n mens terugdink aan wat 'n eeu gelede op Danskraal gebeur het en aan ander groot gebeurtenisse in die volksgeskiedenis. Wie dink nie aan die gelofte wat die Afrikaner aan sy Verbondsgod afgelê het nie? Wie dink nie terug aan Paardekraal en aan daardie groot gebeurtenis op 16 Desember van verlede jaar nie? Een

van die grootste en heiligste gebeurtenisse is hierdie byeenkoms wat as een van die magtigste sal voortleef in die geskiedenis van die Afrikanervolk.

„Alles wat ek te sê sal hê, sal gesentraliseer wees op die eenheid van die Afrikanervolk.

„Nieteenstaande heldedade wat skitter, het die volkseuwel van volksverdeeldheid ons nog altyd aangekleef. Hoe dikwels het die verdeeldheid verwydering onder ons Voortrekkergeslag gebring nie? Dit loop soos 'n somber draad deur ons volksgeskiedenis.

. „In 1912 het ons volk 'n verdeeldheidskrisis deurleef, maar ons het daaroor gekom, danksy die leiding van genl. Hertzog en dr. Ma'an.

„Onder leiding van groot manne is ons saamgesnoer. Dit het voortgeduur tot 1933 en weer was daar 'n krisis, opgewondenheid, verdeeldheid en selfs twis en rusie. Dit het verwarring gebring onder die volk.

„Ons het 'n tydperk van bitterheid en smart deurleef. Daar is allerlei pogings aangewend om die breuk te heel. Ek het self daaraan deelgeneem en tot die heilige oortuiging gekom dat die lede van die een groep dit net so goed bedoel as die lede van die ander groep.

„Dr. Malan en genl. Hertzog, met die mense wat agter hulle gestaan het, het gestreef na dieselfde ideale. Die een langs die weg, die ander langs daardie.

„Negentien-agt-en-dertig het aangebreek—die jaar so vol heilige en ernstige betekenis. Die Ossewatrek, wat so nietig begin het, het die onweerstaanbare drang laat ontstaan onder die Afrikaner om weer saam te kom. Dit was groot en heilige dae wat ons beleef het by die Eeufeesviering. Ons het besef dat God groot dinge doen, maar ons het verslae rondgeloop, want daar was iets wat nie reg was nie. Ons geliefde volksleiers was nie in ons midde nie.

„Geliefde volksleiers, ons het u afwesigheid gemis en daaroor getreur. Terselfdertyd was daar die beslistheid dat die Afrikanervolk sy volksleiers bymekaar sal bring. Onder die alwyse Godsbeskikking het dit onverwags—byna oornag—plaasgevind.

„Hier sit ons nou as herenigde en verenigde volk. So 'n eenheid soos ons vandag belewe het, het ons volksgeskiedenis nog nooit geken nie. Dit laat hierdie gebeurtenis uitstaan bo alle volksgebeurtenisse.

„Ons dank u en almal daarvoor, maar bowenal God. Dit is 'n wonder en tog is dit 'n Goddelike werklikheid. Hierdie eenheid wat in die skoot van die Afrikanervolk geval het, is 'n kosbare kleinood wat ons wil vasklem en troetel dat geen vyande dit aan ons kan ontruk nie.

„Ons vyande hier in Suid-Afrika en daarbuite sien dat ons een is. Die imperialistiese houding wil voorgee dat dit die vorming is van 'n rasseblok om ander rassegroepe te onderdruk.

„Dit lê nie in die karakter van die Afrikanervolk om rassegroepe te onderdruk nie. Hy het net homself al baie maal amper verwoes as God dit nie verhoed het nie. As ander rassegroepe 'n gevaar sien, dan lê dit by hulself. Dit is nie ons voorneme om 'n ander rassegroep te onderdruk of te veronreg nie, maar hierdie eenheid eis ons vir onsself as 'n heilige deur God gegewe reg. Ons is bereid om reg te laat geskied aan alle rassegroepe.

„As dit die geval is dat ons bymekaar wil wees, moet ons ons rekenskap gee van ons verantwoordelikheid. Ons het monumente opgerig! Die Vrouemonument, die monument by Bloedrivier en die magtigste monument wat ons nou opgerig het. Die monument is ons getuienisse met ons Verbondsgod.

„Dit is nooit vyande van buite wat 'n volk verwoes as hy in volksgebondenheid staan nie. 'n Volk raak vernietig deur ontrou in eie geledere en daardie gebeurtenis van verlede jaar het 'n roepstem tot ons laat uitgaan. As hierdie gebeurtenis van volkseenheid gefundeer is op 'n gevoelsopwelling dan moet ons dit laat staan, want dan sal dit in duie stort. Die fondament moet wees op die Pad van Suid-Afrika.

„Die Afrikanervolk moet terugkeer na die gewoontes en tradisies van die voorgeslag en na hul sedes, want die godsdiens en die sedelikheid vorm die enigste ware grondslag van 'n volk.

„Die Afrikaner moet nog 'n keer 'n stap vooruit gehelp word en hierdie keer op ekonomiese gebied. Dit is noodsaaklik om hom op hegter ekonomiese grondslag te vestig. Veel is gedoen deur die Volkskongres van 1934 en sy Voortsettingkomitee, maar nou staan ons aan die vooraand van 'n ekonomiese volkskongres wat iets groots tot stand moet bring.

„Van die Eeufeesjaar het nog 'n ander stem uitgegaan: ‚Gaan voort volk van Suid-Afrika op die pad wat lei tot algehele selfstandigheid, die pad wat lei na 'n republiek van Suid-Afrika.'

„Daardie ideaal is hoog en heilig en as ons dit noem as 'n uitvloeisel van die Eeufeesjaar doen ons dit nie in aanmatiging nie. Ons sal ons met takt en op konstitusionele wyse daartoe voorbeweeg.

„En nou, hooggeagte genl. Hertzog, wat moet, wat kan ons sê tot een wat die grootste volksleier is wat ons nog gehad het?

„In die jare sedert 1933 het daar smart gelê op die Afrikanergemoed by die gedagte dat u moontlik u lewensaand sou slyt vervreemd van 'n deel van u volk, maar God het dit verhoed.

„U is vandag weer hier in ons midde en uit die hart van die Afrikanervolk bring ek u ons dank daarvoor toe; die dank van die volk aan wie u nooit ontrou geword het nie. Die volk strek sy arms tot u uit. Ons is jaloers op u en gun u aan geen ander volkseksie nie.

„(Genl. Hertzog het op hierdie stadium onder toenemende gejuig opgestaan en prof. van Rooy het hom dit toegevoeg:)

„By hierdie geleentheid bring ons u, ons Afrikaner-held, hulde.

„Die volk kan u nie genoeg bedank dat u hom gedurende 40 jaar nooit verlaat het nie, maar s teeds pal by hom gestaan het.

„(Prof. van Rooy het hom daarop tot dr. Malan gekeer).

„By hierdie groot geleentheid bring ons u, ons Afrikanerheld, hulde as 'n man wat 'n bars kan kyk en wat so vas soos 'n rotssteen staan.

„Ek bring hulde aan wat dr. Malan gedoen het om die volk een te help maak en op te bou en bedank hom dat hy van Kaapstad gekom het, sodat die twee groot leiers saam gehuldig kon word. Met hom word die opregte dank uitgespreek aan al die Afrikanerleiers wat hul deel bygedra het om hierdie geskiedkundige geleentheid moontlik te maak en wat in die dae van donkerheid soos een man vas gestaan het.

„Ons gaan die toekoms tegemoet aan die hand van God met die oog gerig op die beeld van Paul Kruger en sy spreuk: Afrika vir die Afrikaner".

Hierdie toespraak en die omstandighede waarin dit gelewer is, was een van die hoogtepunte in prof. Van Rooy se volle lewe.

Dit is moeilik om nou reeds prof. Van Rooy se aandeel in die bevordering van die Afrikaanse kultuurstrewe presies te bepaal. Hy was by uitstek 'n leier van mense, 'n leier van die kultuurdraers van ons volk. Hy het hulle besiel en geïnspireer om voort te beweeg en voort te werk op die Pad van Suid-Afrika. Daarby het hy die gawe besit om ons kultuurkragte te verenig veral wanneer die „vloek van verdeeldheid" gedreig het om ons volk tot stilstand te dwing. Maar hy het ook koers aangewys en self daardie koers volgehou tot aan die einde van sy lewe. Wanneer die geskiedenis van die F.A.K. en ander volksorganisasies geskryf word, sal blyk hoe groot en kragtig sy invloed was op die ontwikkelingsgang van ons volks- en sy kultuur-geskiedenis.

Ons is God innig dankbaar vir hi rdie getroue dienskneg, vir hierdie egte volksman, vir hierdie koersbepalende en besielende kultuurleier en vir sy belangrike deel in die verwesenliking van ons volksroeping.

P. J. MEYER.